# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 17 JULIE 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie (1)

## ONS GROET WHY EN VERWELKOM MARIUS

- Op Sondag 24 Julie om 09:00 in die kerk neem ons afskeid van ds. Why Duvenhage wat einde Julie aftree. Hy sal sy afskeidspreek tydens die erediens lewer. Verversings word na afloop van die erediens in die markplein bedien.
- Op Sondag 24 Julie om 18:00 in die kerk word ds. Marius Schoombie as nuwe voltydse leraar, met fokus op die jeug, in die gemeente verwelkom. Hy lewer dan ook sy intreepreek. Verversings word na afloop van die erediens in die markplein bedien.

## JACO STRYDOM BESOEK STELLENBERG

Jaco Strydom, bekende skrywer en teoloog, besoek die gemeente. Teken gerus die volgende geleenthede in jou dagboek aan.

- **Sondag 31 Julie 09:00 in die kerk** | Ds. Jaco Strydom preek tydens die oggenddiens.

- **Dinsdag 2 Aug. 18:00 in die kleinsaal** | Boekbekendstelling Deon Meiring gesels met Jaco Strydom oor sy nuwe boek, Alle sondaars welkom. Bring 'n piekniekmandjie met eetgoed saam. Wyn en koeldrank word voorsien. Bespreek jou plek by rsvp@nb.co.za / 021 406 3033 / Anneke@stellenberg.co.za / 021 976 4519 (Anneke).

- **Woensdag 3 Aug. 18:30 in die kleinsaal** | 'n Gesprek met Jaco Strydom saam met jongmense van die gemeente. Almal tussen 19 en 35 jaar oud, asook diegene jonk van gees, word uitgenooi om die gesprek by te woon.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

Geen deuroffers tydens die skoolvakansie nie.

## MET LEEDWESE

Ons neem met hartseer afskeid van:

- Stefanus Francois (Faan) Blom (23/09/1942 - 11/07/2022). Faan was sedert 1976 'n meelewende lidmaat van die gemeente. Hy het in een van die eerste kerkrade gedien en was ook oor jare heen by die getuienisbediening betrokke. Faan was bekend vir sy drukkersbesigheid asook die advertensieblad (Die Samaritaan) wat hy maandeliks in die gemeente uitgegee het. Hy het ook verlede jaar die leersleutelhouers wat vir die gemeente se 50-jarige viering beskikbaar gestel is, met die hand gemaak. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Susan, wat hy agterlaat, asook sy kinders, Barend, Surita en Marelize, sy skoonseuns en -dogter en kleinkinders. Sy gedenkdiens is Vrydag 15 Julie om 11:00 in die kerk.
- Patricia Ernest Scott (17/07/1935 - 12/07/2022). Sy was sedert 2015 'n lidmaat van die gemeente en 'n inwoner in die versorgingseenheid van Edelweiss Dienssentrum. Geen besonderhede van 'n roudiens is nog bekend nie. Ons opregte meegevoel aan die naasbestaandes wat sy agterlaat.

## SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor 'n paar skatte van onskatbare waarde op. 'n Groot verskeidenheid gebruikte, maar bruikbare items gaan verkoop word. Daar sal ook 'n lekker verskeidenheid eetgoed soos pizzas, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielies te koop wees.

Dit beloof om 'n heerlike uitstappie vir die hele gesin te wees.

## ONTVANG JY ONS KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 slegs tydens skoolkwartale in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## VATVYF-BYEENKOMS

Ons kuier op Woensdag 20 Julie by die Koffie en Krummel-koffiewinkel op die kerk se terrein. Ons ontmoet mekaar om 10:00 by die koffiewinkel. Elkeen betaal vir hom- of haarself. Geen vooraf besprekings is nodig nie.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## BOUWERK AAN DIE SAALKOMPLEKS

Bestaande lokale in die grootsaal word omskep in kantoorruimte vir die nuwe jeugleraar en 'n administratiewe beampte en sal voortaan saam met die jeuglokaal as 'n jeugsentrum benut word. Die muur tussen die ou kafeteria-area en die voorportaal na die nisse is verwyder om die kafeteria-area te vergroot. Die ingang na die nisse is ook verskuif en is nou meer toeganklik vir besoekers.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Die byeenkomste hervat na die skoolvakansie.

BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 8 Augustus om 09:30 in die markplein.

## BESTEL PANNEKOEK BY EDELWEISS

Edelweiss bak weer op Vrydag 22 Julie pannekoek teen R7 elk. Bestellings kan voor 20 Julie by 021 976 1150 of edelweissontvangs@gmail.com of 083 630 0545 geplaas word.

## 'N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal. Kom geniet 'n aand vol humor en inspirasie en boonop 'n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm. Kaartjieverkope ten bate van MES Kaapstad. Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## VATVYF-KWARTAALPROGRAM

Die volgende byeenkomste word vir die derde kwartaal beplan. Vanaf 4 tot 6 September word 'n spesiale program met die oog op senior-week aangebied.

| | |
|---|---|
| Woensdag 20 Julie | Kuier by Koffie en Krummels. |
| Woensdag 24 Augustus | Ds. Johan Visser kom sing vir ons en deel sy storie. |
| Sondag 4 September | Erediens 09:00 met verversings daarna. |
| Maandag 5 September | Besoek Franschhoek-motormuseum. |
| Dinsdag 6 September | Praatjie oor Alzheimers deur prof. Niehaus. |

## KATEGESE | FAMILIEDIENS | MEDITATIEF

Op Sondag 24 Julie hervat alle kategesebyeenkomste, kleuterkerk, asook die familiediens. Die Relevantdiens is ook om 18:00 in die kerk.

Die meditatiewe diens hervat op Sondag 31 Julie om 09:00 in die kapel.

KONTAK ONS

021 976 4519

WHATSAPP

081 045 2428

E-POS

navrae@stellenberg.co.za

WEBWERF

www.stellenberg.co.za

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.